NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 14-2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Leraar beroep

Ds Edwin van Wyk van Middelvlei is na NG Randpoort beroep.

Argief vra hulp

Susan Marais van die Argief vra dringend julle hulp met datums (maand en jaartal) waarop 'n gemeente se naam verander het; of waar 'n gemeente by 'n ander gemeente ingelyf is; of waar gemeentes saamgesmelt het, of waar 'n gemeente gesluit is. Die afgelope jaar of wat het daar heelwat samesmeltings en inlywings in ons sinode plaasgevind. Help asseblief deur hierdie inligting aan susan@kaapkerk.co.za te stuur.

NUUS VANUIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

Skrywe van die Algemene Sekretaris

Lydenstyd is 'n besonderse tyd in die kerklike jaar. Die 46 dae voor Paasfees is vir ons, terwyl ons nadink oor Christus se lyding, ten diepste 'n tyd van verdieping, verootmoediging en dankbaarheid. Mag dit 'n geseënde tyd in jou gemeente wees!

Graag neem ek die vrymoedigheid om die volgende sake onder jou aandag te bring:

- **Gesprek rondom die konsepwetgewing oor haatspraak**

'n Goeie gesprek is met mnr John Jeffery, adjunkminister van Justisie en Grondwetlike ontwikkeling, gevoer rondom dié konsepwetgewing. Die kerk se posisie is baie duidelik gestel tydens die geleentheid. Minister Jeffery het die versekering gegee dat daar baie omsigtig met wetgewing omgegaan sal word om nie die Vryheid van godsdiens ingedrang te bring nie. Die NG Kerk sal uitgenooi word om in die proses vorentoe deel te wees van konsultasies met die departement.

- **Gesprek met oud-grondwetlike regter Albie Sachs**

Besoek is gebring aan oudregter Sachs om sy insette te kry rondom die volgende sake: konsepwetgewing oor haatspraak, verslag van die CRL Rights kommissie oor die regulering van godsdiens asook -godsdiens in skole. Dit was 'n verrykende gesprek met 'n besonderse persoon. Bevestiging is gekry dat die standpunt van die NG Kerk ten opsigte van genoemde sake goed belyn is met die regte wat in die Grondwet verskans is.

- **Die NG Kerk se betrokkenheid by ekonomiese bemagtiging**

'n Belangrike konferensie oor die aanspreek van ongelykheid binne die Suid Afrikaanse konteks is verlede jaar gehou. Verteenwoordigers van al die samestellende sinodes het dit bygewoon. Prominente persone soos prof Johan van Zyl, Moeletsi Mbeki, Frances Wilson, Piet Naude, Dawie Klopper en ander het waardevolle insette gelewer. Die resultaat van die konferensie is in die proses om verpak te word vir verdere bespreking deur gemeentes. 'n Belangrike saak wat uitgewys is die feit dat letterlike miljoene mense ekonomies benadeel word omdat hulle nie titelaktes vir hulle eiendom het nie. Of dit HOP huise is of grond as gevolg van 'n grondhervormingseis, hulle het geen titelaktes om hulself ekonomies te bemagtig nie. Die afgelope 2 weke is aan belangrike gesprekke rondom die saak van titelaktes en alternatiewe vorme van besitreg deelgeneem. Dit is 'n geweldige komplekse saak waarin die NG Kerk 'n besondere fasiliterende rol kan speel. Ons gaan voort om op hierdie terrein vennootskappe aan te gaan en leiding te gee.

- **Besoek aan Namibië**

Nelis en ek het ook 'n besoek aan Namibië gemaak tydens hulle predikantekonferensie. Dit was 'n vooreg om

kollegas in hulle mooi wêreld te kon ontmoet. Die gasvryheid van die biltongboere is nie net ‘n gerug nie dit is die waarheid! Namibië se omarming en opgewondenheid rondom Missionale Transformasie is ‘n inspirasie. Goeie verhoudings is gebou en sake wat die kerk raak was onder bespreking.

Groete en seën

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris: Nederduitse Gereformeerde Kerk

REFORMASIE

REFORMASIE 500 - Sing die solas!:

“Met die 500-jarige viering van die Reformasie vanjaar, het die Afrikaanse kerkgemeenskap nou ‘n lied gekry waarin hulle die vyf slagspreuke van die kerkhervorming kan uitsing. Dié slagspreuke, Die Skrif alleen, Genade alleen, Geloof alleen, en Alleen aan God die eer, staan algemeen bekend as die Solas, omdat dit telkens in Latyn begin met die woord ‘sola’ wat ‘slegs’, of ‘alleen’ beteken.” Klik hier om meer hieroor te lees en ook vir die besondere lirieke van hierdie lied (VONKK 341). Navrae kan aan musiek@bmedia.co.za, gerig word.

Stephan Joubert oor Sola scriptura

“Die sola scriptura van die Hervorming resoneer sterk by hom. ‘Ek lees, eet en preek die Bybel. Ek sal my voortande gee vir die Bybel. Ek word moedeloos as dele van die Bybel in formalien geplaas word of daar ’n post mortem van die Bybel gehou word.’

Dis ook nie ’n wapen, ’n seermaakboek nie. ‘God stel sy oordeel tot laaste uit. Toe ’n Samaritaanse dorp (in Lukas 9) Jesus nie wou ontvang nie en Jakobus en Johannes vuur uit die hemel wou afbid om die inwoners te verteer, wou Hy niks daarvan hoor nie. Hy kom nie met kole nie, maar met water,’ sê Joubert.” Die volledige artikel is hier. (met dank aan VrydagNuus)

Bronne om Reformasie 500 te vier

Vanjaar gedenk gemeentes die 500-jarige bestaan van die Reformasie. Martin Luther se 95 stellings teen die kerkdeur van die kasteelkerk in Wittenberg word as die begin van die kerkreformasie gesien. Dit het die gang van Europa en die Weste se geskiedenis ingrypend verander.

Bronne vir gebruik deur gemeentes om die Reformasie vanjaar te vier, is te vind op die volgende webblad: http://refo500.christians.co.za/ (met dank aan Grenspos)

KURSUSSE EN KONFERENSIES

Biologos Christ & Creation Konferensie

Deelname aan hierdie geleentheid, vind per livestreaming plaas vanaf **29 tot 31 Maart 2017**. Kontak vir Lyzette Hoffman by hoffmanl@ufs.ac.za indien julle meer inligting oor moontlike deelname in groepverband en via

livestreaming, verlang - VBO-punte kan verdien word. Livestreaming en videos sal van die algemene lesings van die konferensie beskikbaar wees. Dit sal aangevul word deur plaaslike groepbesprekings by die Naval Hill Planetarium. Die konferensie self vind in Houston, Texas plaas. Mense kan individueel vir deelname per livestreaming registreer, maar die groepdeelname is baie goedkoper. Vir meer inligting oor die konferensie en die Biologos-organisasie, kyk gerus by http://biologos.org/2017-biologos-conference/ (met dank aan Vrypos)

Opleiding as Mediators

Social Justice bied VBO-geakkrediteerde opleidingsgeleent-hede aan wat predikante of maatskaplike werkers kan bemagtig om mediators te word en sodoende in die geskille tussen mense en instansies op te tree. Hierdie opleiding is geakkrediteer by Excelsus en predikante kan VBO-punte daarvoor verdien. Die opleiding geskied reg deur die jaar op verskillende plekke in die land. Belangstellendes kan hier klik vir meer inligting en inskrywingsvorms. Rig navrae aan Laurie Greyvenstein by laurie@socialjustice.co.za of 084 513 6464. (met dank aan VrydagNuus)

Lesing deur Prof Jurgen Moltmann

U word uitgenooi na 'n lesing (The Unfinished Reformation) deur Prof Jurgen Moltmann op **3 April** plaas by die Universiteit van Pretoria. Die amptelike publieke lesing vind op 5 April plaas. Indien u dié lesing gaan bywoon word u vriendelik versoek om die ***aangehegte uitnodiging*** uit te druk en saam te bring, sodat u dit vir die sekuriteitsbeampte kan wys om toegang tot die Universiteit se parkeringsarea oorkant die NG Universteitsoord te verkry. 2 VBO-punte word vir bywoning toegeken.

Navrae: Rika van Rensburg - Tel +27 (0)12 420 6738 - excelsus@up.ac.za - www.up.ac.za

VBO Werkswinkel – Ontwikkel Entrepreneurskap En Finansiële Intelligensie:

Hierdie werkswinkel word op **24 en 25 April 2017** in Bloemfontein aangebied. Die agtergrond vir hierdie konferensie is die volgende: Teologiese fakulteite regoor die wêreld begin toenemend predikante in entrepreneurskap oplei. Dit het onder andere te doen met die vaardigheid om geleenthede raak te sien, gemeentelik en persoonlik; die geleenthede volhoubaar te ontwikkel; en die regte ingesteldheid ten opsigte van gemeentelike en persoonlike finansies.

Die aanbieder is dr Gerhard Botha en die werkswinkel vind by die Fakulteit Teo-logie, kamer 120, UV in Bloemfontein plaas. Daar is geen koste aan verbonde nie, kursusgangers is self verantwoordelik vir hul eie middagete – 20 VBO-punte word verdien. Registreer asseblief vooraf soos volg: SMS D65632 jou naam en e-posadres, na 31029 – eggenotes en gemeenteleiers is ook baie welkom, klik hier vir al die inligting. (met dank aan Vrypos)

ANDER NUUSBROKKIES

The Justice Conference: Theological Footnotes

Reflecting on last week's Justice Conference, Cobus van Wyngaard notes: " ...certain theological markers are emerging. Perhaps it would have slipped by many of the younger participants – we all tend to think that the way the church think at the moment is just how it has been always, and then miss the deep shifts that is happening over time. So what are some of the emerging theological markers of a justice theology, a justice theology shared by people across the many divides that shape the church today (so not just a simple liberation theology practiced by academics, but a justice theology that emerge from the diverse church community in South Africa)?" Click here. (met dank aan VrydagNuus)

Saamgedink oor Fokustekste

Die reaksie op die VBO-taakspan se nuwe diens (die preekbesprekings van Lydenstyd se tekste), is baie positief. Die samestelling van die groepe is ekumenies en die informele gesprekke om die tafel vind dus in Afri-

kaans sowel as Engels plaas. Die kommentaar is dat persone wat daarna kyk, voel asof hulle kan saampraat, of ingelaat is by die gesprek. Dié informele gesprekke is op You Tube beskikbaar vir diegene wat dit as deel van hul eie nadenke vir die Lydenstyd wil benut.

In die vierde video (klik hier) gesels Coenie Burger, Tony Robinson, Bruce Theron, Daniel de Wet en Lolly van Deventer om die tafel. Die volgende video's sal telkens agt dae voor die betrokke Lydensondag gelaai word. Lees meer. (met dank aan VrydagNuus)

What is your story?

"What's your story" is 'n inisiatief van Heartlines wat wedersydse begrip, vertroue en versoening onder Suid-Afrikaners wil bevordering. Dit gebeur deur ons persoonlike verhale met mekaar te deel. Gemeentes en kleingroepe kan hieraan deelneem, maar skole en besighede is ook uitmuntende ruimte vir die soort gesprekke. Sakemanne kan gerus die leiding neem. 'n Opsomming van die veldtog is op die web beskikbaar – klik hier.

Opleiding vir die projek is beskikbaar. Dit is egter nie nodig om daarvoor te wag nie, daar is reeds voldoende hulpbronne beskikbaar sodat gemeentes dadelik aan die werk kan spring.

"Beyond the river" is 'n pragtige film wat die sentrale uitkoms van die projek uitbeeld. Dit draai vanaf einde April in teaters. Lidmate kan gerus daarna gaan kyk (moedig hulle aan), by jou gemeente die gespreksgids kry (klik hier vir bestel-informasie) en in groepies by die werk, kerk of huis verhale met mekaar begin deel. (met dank aan Grenspos)

Maak gestremdes sigbaar in die kerk - opleiding

Ramp Up is 'n organisasie wat sig beywer vir die verwelkoming van gestremdes in die kerk. Dit is mense wat maklik onsigbaar en fisies uitgesluit in die samelewing raak. Dit gebeur ook in die kerk. Gesonde mense is nie bewus van die wyse waarop ander uitgesluit raak nie.

Ramp Up bied in Junie belangrike toerusting aan vir persone wat insluiting wil fasiliteer. Klik hier vir agtergrond en hier vir die aansoekvorm.

In een van die mooiste dele van sy boek, *Fellowship of Differents*, praat Scot McKnight oor die kerk se missionale roeping om onsigbare mense sigbaar te maak, en wat dit prakties beteken. Daar gebruik hy die voorbeeld van weduwees. (met dank aan Grenspos)

Kerkkalender 2018: Vakansie En Kerklike Fees- En Biddae

LW: Hierdie inligting verskyn ook jaarliks in die Jaarboek van die Ned Geref Kerke (kyk op bl 51 van die 2017 uitgawe). Klik hier om die kalender af te laai.

Die Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2017 kan gekoop word teen R305.00. Al die inligting oor die Algemene Sinode, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante van die meeste kerke in die NG Kerk-familie is hierin vervat. Plaas jou bestelling terwyl voorraad hou!

INTERESSANTE ARTIKELS

Dit gaan oor menswaardigheid

- Neels Jackson: eKerkbode

"God wil hê ons moet omgee vir kwesbare mense," sê Katleho Ncaphe. Hy praat by die Bethesda House of Kindness in Sunnyside, Pretoria, waar mans ondersteun word wat op straat bly. Dit terwyl 'n groep lidmate van die NG gemeente Stellastraat die Saterdagoggend daar is om 'n afdak te bou, groente te plant en met Bethesda se mense te kuier. ... Lees verder

‘n Dun evangelie verskraal geloof as trou aan Jesus, die Here

Wanneer ons die evangelie bloot verstaan as Jesus wat vir my sonde gesterf het, sodat ek hemel toe kan gaan, is ons besig om die Nuwe Testamentiese boodskap oor Jesus te min en te dun te maak. Tog is dit presies wat baie Christene doen.

Die belangrikste manier om die dun geloof te genees, is om terug te gaan na die Bybel – soos Gereformeerdes tereg graag doen – en weer na te dink oor hoe die Nuwe Testament geloof beskryf. Hier is ‘n bespreking oor ‘n boek wat briljant daarmee help.

Meer en meer stemme sê ons het nodig om ons prediking en ons prosesse van dissipelskap te verdiep. Een van die krisisse van die kerk is dat ons betrokke kerklidmate eerder as toegewyde dissipels van Jesus wil skep. Dit lyk nie of ons een van die twee regkry nie.

Salvation by Allegiance Alone is beslis volgende op my leeslysie. Dié boek is op 14 Maart beskikbaar. (met dank aan Grenspos)

How smartphones and social media are changing christianity

Many Christians are turning to apps and memes to express their faith instead of churches – and it’s raising intriguing questions about the future of the world’s largest religion, says Chris Stokel-Walker

- To some extent, the mobile phone Bible is now replacing the book Bible
- “Millennials prefer this generalised picture of God rather than an interventionist God, and they prefer God to Jesus, because he’s non-specific,” says Phillips. “He stands behind them and allows them to get on with their own lives rather than Jesus, who comes in and interferes with everything”
- Known as moralistic therapeutic deism, this form of belief is focused more on the charitable and moral side of the Bible – the underlying tenets of religion, rather than the notion that the Universe was created by an all-seeing, all-powerful leader.

Read the full article here: http://www.bbc.com/future/story/20170222-how-smartphones-and-social-media-are-changing-religion

---

CLF HULPMIDDELS

Hoekom Vier Ons Paasfees?

Paasfees is om die draai en vir baie beteken dit langnaweek en paaseiers eet! Kom ons gee net ‘n paar tree terug na die eerste Paasfees amper 4000 gelede in Egipte, toe God sy volk se noodkreet in Egipte gehoor het en hulle uit slawerny bevry het. Om sy kinders te herinner aan hoe Hy hulle uit Egipte, die plek waar hulle slawe was, gered het moes hulle elke jaar Paasfees vier.

Wat het dit dan met ons as moderne Christene te doen? Die aand voor Jesus se kruisiging het Hy die oorspronklike betekenis van Paasfees verander: om nie net ‘n fees te wees om God te dank vir die verlossing van sy kinders uit Egipte nie, maar ‘n fees om Hom te dank dat hy ons uit die mag van sonde en dood gered het deur die kruisdood van sy Seun Jesus Christus.



En dis hoekom ons Paasfees vier: om terug te dink aan die dag toe Jesus vir ons sonde aan die kruis gesterf het en dat Hy die dood oorwin het sodat ons die ewige lewe kan hê. Laat ons dan Paasnaweek met dankbaarheid en vreugde vier, sodat ander ook die verlossingskrag van sy liefde in ons kan sien.

Christelike Lektuurfonds het hulpmiddels om gemeentes leiding te gee oor die ware betekenis van Paasfees en te motiveer om die boodskap van Verlossing uit te leef.

- Pamfletonderwerpe: "Die fees van Paasfees", "Vergifnis", "Reik uit na ander", "Hoe vertel ek iemand van Jesus?" en "Nagmaal – die fees waar God self die Gasheer is"
- Boeke: Seven word from the Cross – beskikbaar in Engels en Sotho @ R40 per kopie en fokus op die laaste woorde van Jesus aan die kruis op Goeie Vrydag.

Vir bestellings of navrae skakel 021 8736964 of e-pos na info@clf.co.za of besoe www.clf.co.za

---

BYBEL-MEDIA NUUS

Kerkbode van 17 Maart vertel ...

KERKBODE

Dit gaan oor menswaardigheid

... hoe straatmense in Sunnyside, Pretoria, op eenvoudige maniere gehelp word om hulle menswaardigheid te herwin. Lees ook Marinda van Niekerk van die middestad-bediening Pen se droom vir haar land en gemeenskap.

- In Witrivier is daar 'n interessante nuwe ontwikkeling met hulle kategese, waar die klem verskuif het van kopkennis van die geloof, na die praktiese leef van die geloof.
- Kerkbode vertel die storie van Vrystaatse gemeentes se betrokkenheid in die Caprivi, en hoe Moreletapark vroue in die plakkerkamp langs hulle kerkterrein oplei as huiwerkers.
- Lees ook oor die konferensie oor die huwelik wat deur die gemeente Raslouw aangebied is.

Lees in die April-uitgawe van LIG:

In LiG se Paasfees-uitgawe vertel geliefde sangeres, Juanita du Plessis hoe sy steeds Boontoe kyk. Ons gee idees vir saamdoendinge dié Paasfees en dink na oor die ware wingerdstok – Jesus Christus.

Ons kuier by akteur Ben Kruger, meesterkok en ouderling. En hoor die verhaal van God wat werklose vroue verander in kreatiewe koninginne.

Leer ook hoe om kos-etikette reg te lees, kry raad oor die moets en moenies langs jou kind se sportveld en die tien maniere waarop jy jou huwelik kan bou.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wes-rand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Rand-burg

- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Fanus Kloppers: Aflos, preekbeurte – tel 062 162 6142 of sel: 016 454 0295 - Vereeniging
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS